

Goeie nuus: Equalizer sprei sy vlerke

deur Du Preez de Villiers

Ruan Jonas, bemarkingsbestuurder, en Radie Brandt, boukontraakteur en projekbestuurder wat aan die stuur van sake is, met die nuwe uitbreiding agter hulle.

Boere wat perfek wil plant en groot Boeste wil behaal, terwyl hulle tyd en diesel bespaar, sal verheug wees om te verneem dat die wagtyd vir 'n nuwe Equalizer-planter nou heelwat korter gaan word. Equalizer is besig om 'n groter, beter fabriek volgens die mees gevorderde standaarde te bou.

Dit is 'n wonderlike ervaring om jou skeppingsvermoë en werkslus uit te leef in 'n werksplek wat netjies en georden is en wanneer jy die jongste tegnologiese hulpmiddels kan inspan, is sukses jou enigste voorland. Dit is die grondslag waarop die planters in Equalizer se nuwe fabrieksuitbreiding in Brackenfell vervaardig gaan word, want tevrede werkers wat in 'n besonderse fyn ergonomies-ontwerpte omgewing met genoeg ruimte werk,

kan nie anders as om planters van die beste gehalte by die fabriek uit te stoot nie.

Sedert 2002 moes Equalizer sy fabriek twee keer uitbrei en vergroot om in die groeiende aanvraag na hulle uitstaande planters te voldoen en oor die afgelope vier jaar moes hulle hulle deurset onder dieselfde dak verdubbel. "Maar nou het ons 'n kritieke punt bereik, want hier is nie meer ruimte om ons self te draai nie," sê Nicholas Davies, Equalizer se produksie-ingenieur. "Ons het 'n perseel van 5 000 m² agter die bestaande een gekoop en bou tans 4 500m² se vervaardigingsruimte daarop."

Equalizer het die professionele roete gevolg en 'n span raadgevende ingenieurs gekry wat vir hulle 'n


aanleg ontwerp wat aan die strengste vereistes gaan voldoen om vervaardiging tot nuwe hoogtes te voer, maar wat steeds eenvoudig en prakties sal werk. Nicholas het ook oor die hele wêreld rondgevlieg om by verskillende aanlegte te gaan kers opsteek.

"Ons het besluit om die oorhoofse krane se steunpunte reeds in die dakballe in te bou, wat op die lang duur baie voordelig gaan wees. Nou kan ons die planters deur die verskillende werkstasies vervoer sodat die mense met al hulle gereedskap en hulpmiddele staties kan bly," sê hy.

"Ons vervang ook ons bestaande verfstasie, wat reeds 'n wurgplek op sy eie is, met 'n poeierbestrykingsaanleg. 'n Oorhoofse spoor van 250 meter gaan daardeur loop met

Die huidige Equalizer-fabriek soos dit vandag lyk: stampvol en besig en slaggereed om te vergroot.





**Hierdie vlekvry-
staal uitmeeteen-
hede, Equalizer se
unieke ontwerp, is gereed
om op die skip gelaai te word
vir planterbouers in Kanada.**

hangers elke 600 mm, sodat elke onderdeel bestryk en gebak kan word terwyl dit stadig vorentoe beweeg. Na die bestrykingsaanleg gaan die enkelspoor verby verskeie werkstasies loop, waar die onderskeie onderdele wat bymekaar hoort by 'n bepaalde stasie afgehaal en aanmeekaargesit kan word. Daarna word die subeenhede weer terug in die hoofmonteerlyn geplaas om aan die planter gemonteer te word, sê hy.

Die hoofmonteerlyn het eerstens 'n standaardmonteringsstasie waar die standaardonderdele gemonteer word en daarna 'n spesiale monteringsstasie waar onderdele vir spesiale bestellings aangebring sal word. Die onderdelemagasyn met al die bestelde

onderdele sal ook binne reikafstand wees sodat werkers so min as moontlik hoef te loop.

Gehaltekontrole is vir Equalizer baie belangrik want elke produk is 'n getuigskrif. Die laaste stasie in die fabriek is dus die gehaltekontrole-stasie of PDI (*pre-delivery inspection*) waar alles op elke planter deur 'n span spesialiswerkers getoets word.

"Ons het 'n 14-bladsy gehaltesdokument wat deur ons gehaltekontroleer-span deurgewerk moet word sodat elke item geïnspekteer en afgemerk kan word," sê Nicholas.

Vir 'n laaste gerusstelling word die planter wat vir padvervoer uitmeekaargehaal en by die handelaar aanmeekaargesit word, weer geïnspekteer

om vir 'n laaste keer seker te maak dat elke onderdeel in 'n werkende toestand is. "Dit is een van die redes vir ons sukses," sê hy.

"Tans produseer ons twee planters elke drie dae, maar met 'n berekende 40% hoër aanvraag, gaan ons elke dag 'n planter kan uitstuur. Dit beteken 'n produksieverhoging van 50%. Die aanleg sal in die verdere toekoms nog 50% vinniger kan werk. Ons fokus is steeds om spesialisvervaardigers, -verwers en -monteerders te wees en ons kontrakteer die vervaardiging van ander onderdele soos die rubberwiele en plastiektenks uit. Ons is klein genoeg om vinnig volgens die markbehoefes te verander of 'n spesiale bestelling uit te voer, maar groot genoeg om deurloopend uitstekende produkte van die hoogste gehalte te lewer," sê Nicholas.

Equalizer is die markleier onder die koringboere in die Wes-Kaap en groei ook sterk onder die mielieboere in die Noorde. Boere word deesdae gedwing om kostes te besnoei en tyd te bespaar en dié wyeraam minimumbewerkings-planters wat uit eie bodem ontstaan het, maak dit moontlik.

Equalizer voer regstreeks en onregstreeks planters en submonterings uit na die DRK, Australië en Kanada, "maar ons is in Afrika en ons ontwikkel en vervaardig eerstens vir die bepaalde behoeftes van Afrika," sê Nicholas. 🚜



Kirk Rooi, gehaltekontroleerder, merk baie noukeurig sy lys af om seker te maak elke onderdeel is gemonteer en in werkende toestand.



Hoofbestuurslede van Equalizer het baie om te bespreek met die nuwe ontwikkeling. Nicholas Davies, produksie-ingenieur; Charles Hickley, monteringsbestuurder; Muneeb Arendse, pakhuisbestuurder; Ruan Jonas, bemarkingsbestuurder; Clinton Conlan, verkrygingsbestuurder; Jason Baardman, vervaardigingsbestuurder en Jasper Jonker, spuitverfbestuurder sit koppe bymekaar oor die beste oplossings.

Vir meer inligting, kontak vir Ruan Jonas by 079-522-8639 of Gideon Schreuder by 021-981-4542. Hulle hulpaardige en gebruikersvriendelike webwerf se naam is www.equalizer.co.za